DIE BYBEL
in 'n neutedop
Esra

—deur Peter Hammond

"Esra het uit Babel gekom en hy was 'n geleerde man, kundig in die wet van Moses wat deur die Here, die God van Israel, gegee is. Omdat die Here Sy hand oor Esra gehou het, het die koning hom alles gegee wat hy van hom gevra het." Esra 7:6.

Wie was Esra?

Esra was 'n skrifgeleerde, 'n afstammeling van Aäron, die oorspronklike hoëpriester deur die bloedlyn van sy seun Eleasar, en later Pinehas en Sadok. Esra was uit die stam van Levi, met 'n lang ononderbroke lys priesters in sy stamboom.

Wanneer is die Esra geskryf?

- Die Boek Esra is tussen 460 en 440 v.C. geskryf.
- Die eerste bannelinge keer in 537 v.C. uit Babilon na Jerusalem terug.
- Die tempel is in 516 v.C. herbou.
- Ester het in 479 v.C. koningin van Persië geword.
- Esra het in 458 v.C. die tweede uittog uit Babilon gelei.
- Die Boek Esra strek oor 'n tydperk van meer as 100 jaar lank en handel oor die drie wegvoerings van die suidelike koninkryk van Juda, en drie keer se terugkeer vanuit die Babiloniese gevangskap.

Daar was twee ballingskappe. Die eerste ballingskap het die tien stamme van die noordelike koninkryk van Israel betrek, toe die Assiriërs Samaria in 721 v.C. binnegeval het en die tien stamme in ballingskap weggevoer het.

Die tweede ballingskap het die twee stamme van die suidelike koninkryk van Juda betrek, nadat die Babiloniërs Jerusalem verower het. Die hoofprofete van die Judaïete in Babiloniese ballingskap was Esegiël en Daniël.

Die Babiloniese ryk is deur die Medo-Persiese ryk oorwin. Kores, die koning van Persië, was ongetwyfeld deur Daniël beïnvloed, toe hy 'n verklaring uitgereik het wat die Judaïese bannelinge in sy koninkryk toegelaat het om na Jerusalem terug te keer (Esra 1:1-6). Kores het selfs die terugkeer gefinansier. *"Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here die God van die Hemel het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir Hom 'n tempel in Jerusalem in Juda te bou."* Esra 1:2. Met Kores se oproep (537 v.C.) het 42 360 Judaïete na Jerusalem teruggekeer.

Dit is in die Boek Esra dat daar die eerste keer in die Bybel na die 'Jode' verwys word. Baie mense verwys verkeerdelik na die Hebreërs gedurende Moses se tyd en die Israeliete gedurende die tyd van Dawid en Salomo as Jode. Dit is histories nie korrek nie en ook volgens die Bybel verkeerd. Uit die 12 stamme van Israel is daar slegs na die Judaïete as Jode verwys en dan ook slegs ná afloop van die gevangenskap in Babilon.

Teenkanting van mense

Die hoofdoelwit van Esra was om die Tempel te herbou. Ten aanvang van die herbouingswerk aan die Tempel, het nabygeleë inwoners met hulle teenkanting gepoog om die volk van God se aandag af te lei en hulle te ontmoedig. Daar was pogings om die volk in hulle doelwit te dwarsboom en daar is vals beskuldigings gemaak teen diegene wat by die herbouwerk betrokke was. Wanneer God jou 'n belangrike taak gee om te verrig, verwag teenkanting. *"Die nie-Israelitiese inwoners van die omgewing het toe die volk van Juda probeer moedeloos en bang maak om met die bouwerk aan te gaan."* Esra 4:4.



Herbou

Serubbabel die goewerneur, en Josua die priester, het die mense gelei om eers 'n altaar te bou en toe die tempel in Jerusalem te herbou. Die plek waar daar met sonde afgereken word, moet eerste in ons lewens staan. Ons harte moet reg met God wees voordat ons voor Sy aangesig in aanbidding kom. Net soos die altaar die middelpunt van aanbidding in die Tempel was, so is die Kruis die middelpunt van Christelike aanbidding. Esra se hoof-fokus is die herbou van die Tempel, die hervorming van die samelewing, herstel van Bybelse huwelike en gesinne en die herlewing van die aanbidding van die Here God. Dit begin egter by 'n herinstelling van die altaar.

is om belasting, heffing of tol te eis van enige priester… of enigeen wat in die tempel van hierdie God werk nie." Esra 7:23-24.

Herstel

Om die bestudering van die Skrif te laat herleef, het Esra die sinagoge-aanbiddingsmodel in elke gemeenskap gevestig, en sodoende 'n model vir Bybelstudie, gevolg deur aanbidding, ingestel, wat die model vir die vroeë Kerk se gemeentes sou word. Esra het ook 1 & 2 Kronieke geredigeer en sommige Psalms geskryf, insluitend die uitmuntende Psalm 119 wat die Wet van God verheerlik.

Die boek Esra is 'n kroniek van hoop en herstel toe die volk van God berou het en belydenis van hulle sonde gedoen het en hulle aanbidding van die Here vernuwe het.

Versterkings

Sestig jaar nadat die Judaïete vir die eerste keer na Jerusalem toe teruggekeer het, het Esra 'n tweede uittog uit Babilon gelei om die sukkelende Judaïete met versterkings by te staan. Esra het 'n opdrag ontvang van koning Artaxerxes, die koning met wie koningin Ester getroud was. Esra en sy gevolg het vier maande lank gereis (119 dae) om Jerusalem te bereik. Daar het hulle die Judaïete versterk en opnuut geïnspireer om die Tempel te herstel. *"Wat die God van die hemel ook al vir Sy tempel vereis, moet met toewyding gedoen word…Neem ook kennis dat julle nie gemagtig*

Berou en inkeer

Tydens sy gebed van nasionale berou het Esra teen gemengde huwelike gewaarsku. Die Israeliete het met die dogters van die Kanaäniete, Hetiete, Jebusiete, Ammoniete, Moabiete, Egiptenare en Amoriete getrou.

"Moenie julle dogters vir hulle seuns gee nie, moenie hulle dogters met julle seuns laat trou nie…Dan sal julle sterk staan en die goeie van die land geniet en dit as 'n blywende besitting aan julle kinders oordra." Esra 9:12.

Esra het die ondertrouery met die heidense nasies beskryf as: *"slegte dade…baie oortredings…"* Esra 9:13-14.

Hervorming en herlewing

Esra het die grondslag vir Nehemia gelê wat later die mure van Jerusalem sou herbou en die gemeenskap sou herstel. Esra is 'n voorbeeld van toewyding aan die bestudering van God se Woord en aan gebed en vas. Esra 9 vermeld hoe hy die volk voorgaan in berou en inkeer. In groot ontsteltenis en droefheid »

Boek van hoop

Die boek Esra is 'n kroniek van hoop en herstel: die terugkeer van God se volk na Jerusalem en die herbouing van die Tempel, die berou en belydenis van hulle sonde, die hertoewyding van hulle lewens, herstel van hulle huwelike en gesinne, die hervorming van hulle wette en vernuwing van hulle aanbidding van die Here. God reageer genadig deur herlewing op hulle uit te stort.

■ REEKS

DIE BYBEL
in 'n neutedop
Esra

Die beginsels wat ons uit Esra leer

Esra het die Skrifte aan die bannelinge wat teruggekom het, uitgelê en hulle geleer om die Wet van God op hulle daaglikse lewe toe te pas. Hy het die wette van die gemeenskappe hervorm en die gemeenskap van gemengde huwelike gesuiwer. God se volk moes apart van die wêreld wees, 'n spesiale volk, toegewy om die Woord van God te bestudeer en te gehoorsaam en net die Here te aanbid. Hulle moes rein in hulle huwelike en hulle aanbidding wees. Dit maak saak met wie ons trou. Ons het 'n verantwoordelikheid voor God om slegs volgens Sy wil te trou. Die huwelik is nie net 'n persoonlike keuse nie. Die huwelik betrek twee families; die hele gemeenskap; die nasie en die koninkryk van God. God wil 'n *"nageslag [hê]… wat Hom eer."* Maleagi 2:15.

52 JUIG! TYDSKRIF

het hy sy klere geskeur, hy het in vrees gebewe en met heftige afkeer op die erns van hulle nasionale sonde gereageer. Hy het die heiligheid van God, die erns van sonde en wat ware berou behels, aan hulle oorgedra. Berou behels: sonde-oortuiging, belydenis en inkeer. Dit lei tot geestelike herlewing. Hy het die volk voorgegaan in 'n heilige verbond met God en hulle voorberei om gereed te wees vir die ' volheid van die tyd' wanneer die Messias na Jerusalem sou kom. As God vandag moes kom, of jou vandag roep – sou jy gereed wees?

Die lees van die Wet

Esra het die Wet in die openbaar aan die hele gemeenskap van Israel voorgelees. Hierdie voorlesing het gedurende die Loofhuttefees – die fees van die oes – plaasgevind. Tydens die voorlesing van die Wet, het die mense só onder sondebesef gekom dat hulle begin ween het en hulle sondes aan die Here begin bely het. Ná afloop van hierdie gebede van berou en belydenis het Esra die volk voorgegaan om hulle verbond met die almagtige God te hernieu en gemengde huwelike, wanbestede fondse, ontheiligde Sabatte en pligsversuim afgesweer.

Haggai

Die belangrikste profeet gedurende die tyd van Esra was Haggai, wat die volk opgeroep het tot hulle hoogste prioriteit – aanbidding.

"En die oudstes van die Jode het gebou en goed gevorder deur die profetiese werksaamheid van die profeet Haggai…" Esra 6:14 (1933-vertaling).

'n Tweede uittog

Die boek Esra teken ook 'n tweede uittog aan toe God se volk uit gevangskap teruggekeer het na die Beloofde Land – 'n nuwe begin vir die volk van God.

"Esra het hom gewy aan die Wet van die Here. Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer." Esra 7:10.

- Het jy ten volle bekeer van alle sonde in jou?
- Het jy na die Kruis gekom?
- Het jy na die Here teruggekeer?
- Het jy jou hart voorberei?
- Bestudeer jy die Woord van God nougeset?
- Pas jy die heerskappy van Christus in alle areas van jou lewe toe?
- Staan die aanbidding van God sentraal in jou lewe?
- Verheerlik jou huwelik God?
- Maak jy jou kinders in die liefde en vrees van die Here groot?

"Die Wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel…" Psalm 19:8. ■

Oorblyfsel

Elke keer wanneer die mens se sonde tot rampspoed en oordeel lei, behou God 'n oorblyfsel. Noag en sy gesin was die oorblyfsel wat uit die verwoesting van die Vloed gered is; Lot se gesin dié wat uit Sodom en Gomorra gered is. Tydens die groot afvalligheid van Israel onder die leiding van Agab en Isebel, het God 7 000 van diegene gered wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie. Die Apostel Paulus skryf: *" 'Ek het vir My sewe duisend manne laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie.' Net so is dit ook vandag: daar is 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is."* Rom 11:4-5. Die Boek Esra lys die familiehoofde van diegene wat uit ballingskap teruggekeer het.

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, historikus en outeur. Skakel: 021 689 4480;* mission@frontline.org.za; www.frontline.org.za